# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (26/19)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 28 Junie 2019*

### *"Trust, but verify" Russian proverb (used extensively by President Reagan)*

**OUDIT OP DIE TOEPASSING VAN DIE VALS KODLINGMOT BESTUURSTELSEL (FMS) OP SITRUS BESTEM VIR UITVOER NA DIE EUROPESE UNIE (EU)**


Die Nasionale Plantbeskermingsorganisasie van Suid-Afrika (NPPOZA) gaan met oudits op die verskillende kontrolepunte van die Sitrus-FMS begin, bv. produksie-eenhede, pakhuise, koelkamers / laaifasiliteite en die (PPECB).

Die doel van die oudit is om te verifieer of die nasionale toepassing van die sitrus FMS by bogenoemde kontrolepunte in ooreenstemming met die bepalings van die FMS-dokument is. Die oudits sal in die maand van Junie 2019 begin en tot die einde van die seisoen duur. Die projekleierskap is soos volg:

1. Nasionale koördineerder: Me Mashudu Mudzwiri-mashudumud@daff.gov.za
2. Wes-Kaap: Me Meagon Swartz-Meagons@daff.gov.za
3. KZN en Vrystaat: Me Gabisile Mthethwa- GabisileM@daff.gov.za
4. Oos-Kaap en Noord-Kaap: Mnr Samkelo Ngiba- SamkeloN@daff.gov.za
5. Gauteng, Limpopo, Noordwes: Mnr Seraga Mogodi- SerageM@daff.gov.za
6. Mpumalanga: Mnr Frans Makola-FransM@daff.gov.za

**FOKUS OP ASIË**

.




Teen die einde van die eeu het die CGA Direkteure besef dat groei in die bedryf afhanklik van verkryging en optimalisering van toegang tot markte in Asië is. Dit was as gevolg van stagnante aanvraag in die Europese Unie en onnodige fitosanitêre versperrings vir handel en onlogiese privaat standaarde in daardie mark. Alhoewel die EU die primêre mark vir Suider-Afrika se sitrus bly, met meer as 40% van die uitvoere wat vir daardie mark bestem is, het die groei in uitvoere na Asië die bedryf toegelaat om voort te gaan met 'n opwaartse groei. Met 2009 as basisjaar – het uitvoere na Asië meer as verdubbel, terwyl uitvoere na die EU met ongeveer 40% toegeneem het. Die groei in Asië is deur groot volume toenames na China gedryf. Aangesien die bedryf na groot toename in volumes in die volgende vyf jaar uitsien, is Asië geteiken om 'n groot persentasie van hierdie groei te absorbeer.

**GEPAK EN VERSKEEP**

Die Valencia en Nawel Fokusgroepe het verlede week 'n gesamentlike vergadering gehou. Die Nawel Fokusgroep het die voorspelling verder verlaag - nou teen 2,5 miljoen kartonne onder die aanvanklike skatting (9% laer) en die laagste vlak in die afgelope drie jaar. Dit is 'n tendens regdeur alle variëteitsfokusgroepe, behalwe sagte sitrus.

| Miljoen 15 Kg kartonne tot einde Week 25 | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuuste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AgriHub** | **2017** | **2018** | **2019** | **2018** | **2019** | **2019** | **2019** | **2018** |
| Pomelo's | 12.7 m | 14.5 m | 12.6 m | 10.9 m | 10.5 m | 17.1 m | 15.5 m | 18.8 m |
| Sagte Sitrus | 7.4 m | 8.3 m | 8.4 m | 6.7 m | 6.7 m | 18.3 m | 18.3 m | 16.2 m |
| Suurlemoene | 13 m | 12 m | 12.3 m | 10.5 m | 9.9 m | 22 m | 21.4 m | 19.9 m |
| Nawels | 12.7 m | 14.3 m | 11.4 m | 9.2 m | 7.2 m | 26.9 m | **24.5 m** | 26.7 m |
| Valencias | 5.3 m | 2.3 m | 2.3 m | 0.7 m | 0.8 m | 52.9 m | 51.8 m | 54.4 m |
| **Totaal** | **51.1 m** | **51.4 m** | **47 m** | **38 m** | **35.1 m** | **137.2 m** | **131.5 m** | **136 m** |